# DIE SKIETLOOD

252e Uitgawe 17 Julie 2026

saam met Koersvas 252

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**DIE TWEEDE DEEL:**
**DIE VERLOSSING VAN DIE MENS (SONDAG 5-31)**

**Sondag 6**

**Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God** (*1 Johannes 5:20 "Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"; Romeine 9:5 "hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen."; Romeine 8:3 "Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel."; Galasiërs 4:4 "Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe"; Jesaja 9:6 "Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. Die Here spreek sy volk aan"; Jeremia 23:6 "In sy tyd sal Juda gered word en sal Israel veilig woon. Sy naam sal wees: Die Here regeer regverdig oor ons"; Maleagi 3:1 "Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien gaan nou kom, sê die Here die Almagtige."*. **en ware** (*Lukas 1:42 "en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!"; Lukas 2: 6,7 "Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie."; Romeine 1:3 "en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore;"; Romeine 9:5 "hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen."; Filippense 2:7 "maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,"; Hebreërs 2:14 "Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig", Hebreërs 2:16,17" Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen."; Hebreërs 4:15 "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie."*) **regverdige mens is** (*Jesaja 53:9,11 "Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra"; Jeremia 23:5" aar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land"; Lukas 1:35 "Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God"; Johannes 8:46 "Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie?"; Hebreërs 4:15 "Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie."; Hebreërs 7:26 "Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele"; 1 Petrus 1:19 "Inteendeel, julle is*

*losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is"; 1 Petrus 2:22 "Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie"; 1 Petrus 3:18 "Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is"*.)**?**

Antwoord: **Ons Here Jesus Christus** (*1 Timoteus 2:5 "Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"; Matteus 1:23 "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem"; 1 Timoteus 3:16 "En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem"; Lukas 2:11 "Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here"; Hebreërs 2: 9 "Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe"*), **wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het** (1 Korintiërs 1: 30 "Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing").

**Kommentaar: Vraag -** Die vorige vrae het die noodsaak van 'n middelaar wat ware God en ware mens is, duidelik aangedui. Die volgende vraag stel nou die vraag na die "Wie" van hierdie middelaar. Die antwoord is dat dit Jesus Christus is. Hoe weet ons dit?

**Kommentaar: Antwoord-** Dit is riskant om nuwe temas lukraak in te voeg by die gang van enige argument. In hierdie geval is dit noodsaaklik dat daar tog een saak uitgelig word, naamlik die Triniteit en die aard/dinamika van die Triniteit. Die leser word verwys na die geloofsbelydenis vernoem na Athanasius. Daarin word die kerk van die eeue se verstaan van die Triniteit verwoord. Binne die konteks van die huidige argument is dit tog belangrik om te stel dat die God wat die volle prys kan betaal, spesifiek verwys na die Seun. Nie om daardeur die Triniteit te ontrafel nie, maar om dit duidelik te maak dat die Tweede Persoon van die Triniteit - naamlik die Seun - die een is wat die verlossing bewerkstellig is en die Middelaar is.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat dit die <u>Tweede Persoon</u> is, met ander woorde in die taal van die belydenis is die Middelaar nie mag en persoon nie, maar Persoon met twee nature – ware mens en ware God. Die Tweede Persoon – bekend as die Seun - is ook die enigste een wat dit kan bewerk dat ons kinders van God kan word; die Vader en die Gees impliseer ander dinamika. Dit is die Woord, die natuurlike Seun van God, wat maak dat ons aangenome kinders van God kan word (*Efesiërs 1:5 "In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees*").

Die verwysing na die Woord is nie toevallig nie, dit is die Seun deur Wie geskep is (*Johannes 1:3 "Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie*"). Dit is derhalwe logies dat die tweede skepping, die herskepping, deur dieselfde Seun sal geskied, en op grond van die aard van die Seun en die skepping is dit teologies paslik dat dit die Seun is wat Middelaar is tussen skepping en herskepping.

Jesus se optredes, wonderwerke en boodskap maak dit duidelik dat Hy die Middelaar is; die Skrif getuig oorvloedig daarvan. Jesus is die Middelaar wat kan en wil red. Dit is Sy keuse om mens te word, Sy keuse om ons sondes op Hom te neem, Sy keuse om vir ons te sterf. Dit is Hy wat die dood oorwin en so aan ons die nuwe lewe gee. Sy werk as Middelaar sluit in die verlossing van die mens en die mens se deel word van die nuwe skare voor God.

Met dit alles gesê, moet ons die komplekse rol en aard van enige middelaar uitpluis. 'n Middelaar is die een wat Homself plaas tussen twee partye wat in konflik is en verseker dat die party wat verontreg is, gepaai word deur vergoeding te gee en te verseker dat die oortreding nie herhaal sal word nie.

Die middelaar staan tussen twee partye en bewerkstellig ware versoening. In Jesus se geval beteken dit dat Hy as Middelaar God (die sonde het God se toorn ontvlam) en die mens (wat weens sonde die ewige dood in die gesig staar) versoen deur met Sy dood te voldoen aan die goddelike geregtigheid en dan die meriete van Sy daad aan die mens te gee deur die mens te laat herlewe deur Sy Gees wat in die mens kom woon.

Om dit anders te stel; Versoening met God is nie moontlik sonder dat Sy goeie guns herstel word nie, ons het iemand nodig wat ons in God se goeie guns kan herstel. Om in God se guns herstel te word, het ons 'n spreekbuis nodig vir Wie dit moontlik is om met God te praat (namens ons). Om God se guns te herwin, moet daar eers restitusie (herstel) wees, ons het iemand nodig wat by magte is om daardie herstel te bewerkstellig. Sodra daardie goeie guns herwin is, moet dit aan die ontvangers (ons) gegee word. Jesus as mens is die een wat die goeie guns wat Hy herstel het, aan ons kan toebedeel. Deur Hom kan ons dan in die regte verhouding met Hom staan. Dit is duidelik dat Jesus Middelaar moet wees.

Volgende keer nog meer oor die noodsaak van die Middelaar.